ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107
Ninapark
0156
info@minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770
Tel 012 565 4883
Sel 082 761 7115
Faks 086 628 6146

www.minnaartoere.co.za

OOS VRYSTAAT EN LESOTHO
16 – 21 NOVEMBER 2020

Was u al ooit in die ***Oos Vrystaat*** *met sy pragtige natuur? Dan is dit nou die tyd! Die* ***kersies*** *is* ***ryp.*** *Kom eet jou trommel dik aan kersies in die boord. Besoek die talle winkeltjies in* ***Clarens*** *en geniet die* ***kunswerke*** *wat uitgestal word. Koop Nastergal konfyt by die* ***Purple Onion*** *en geniet die prentjie mooi omgewing van die Oos Vrystaat. Ons geniet twee van die beste* ***padstalle!*** *Die 'kersie' op die koek is die* ***ingenieurs-wonder van Lesotho,*** *die* ***Katsedam!*** *Ons besoek ook die* ***Kersiefees!***

MA 16 NOV

Ons vertrek om 06:00 vanaf die **Garden Court**, h/v End- en Pretoriusstraat Hatfield na **Clarens** omgewing. Ons roete neem ons deur Harrismith, Bethlehem, Frankfort, Reitz en dan na Clarens. By Harrismith besoek ons die **versteende boom**. Ons arriveer in Clarens by ons Lodge waar ons vir twee nagte oornag. Ons verken die omgewing en bewonder die **mooi natuur**. **Aandete en oornag Clarens.**

DI 17 NOV

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na die **Basotho Kultuurdorp** vir 'n begeleide toer. Ons ry deur die **Golden Gate Hoogland Nasionale** Park wat aan die voetheuwels van die **Maluti berge** in die Noord-Oostelike Vrystaat lê. Die Park beslaan **11 600** ha van ware bergland habitat. Hierdie park is **in 1963 gestig** om die sandsteen hooglande te beskerm, en vandag, 45 jaar later, is Golden Gate die enigste Nasionale Park wat die **grasveld bioom** bewaar. Die res van die middag bring ons in Clarens deur, wat bekend is as 'n **kunstenaarsdorp**. Daar is meer as 15 kunsgalerye en baie ander interessante winkels. **Aandete en oornag Clarens.**

WO 18 NOV

Na ons heerlike ontbyt vertrek ons na **Fouriesburg** waar ons by die **Caledonspoort grenspos** toegang tot **Lesotho** verkry. Ons reis na die **Lesotho Hoogland Water Projek (Katsedam)**. Die roete tot by die Katsedam is ongelooflik mooi! 'n Kronkelende pad neem ons tot daar en ons gaan op 'n **begeleide toer deur die damwal.** Wanneer 'n mens by jou huis 'n glas drinkwater uit die kraan sou tap kom ¾ daarvan uit die Katsedam. Ons bring ook 'n besoek aan die Botaniese tuin. **Aandete en oornag Lesotho.**

DO 19 NOV
Ons sit aan vir 'n heerlike ontbyt, bewonder vir oulaas die pragtige uitsigte en vertrek dan in die rigting van Ficksburg. Wanneer ons arriveer in Ficksburg ry ons na Clocolan vir 'n besoek aan die **Makoadi Angora Konynplaas** by Clocolan. Ons besoek ook twee baie interessante **padstalle op pad soontoe, The Cabin en Constantia**. Hierna keer ons terug na ons Gastehuis waar ons oornag vir twee nagte. **Aandete en oornag Ficksburg**.

VRY 20 NOV
Na ontbyt besoek ons baie interessante geboue in Ficksburg. Daarna besoek ons 'n kersieplaas waar ons meer leer oor kersies. Ingesluit is 'n trekkerrit deur die kersieboord. U kan ook u eie kersies pluk! Daar is ook heelwat stalletjies waar u heerlik kan koop en proe. Die res van die dag bring ons by die **Kersiefees** in Ficksburg deur. **Aandete en oornag Ficksburg.**

SA 21 NOV
Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na Fouriesburg en besoek **Surrender Hill** op ons pad. Net buite Clarens besoek ons die **Asrivier uitval waar die water van die Katsedam vanuit die ondergrondse tonnels op die oppervlak sigbaar is**. Ons ry via **Bethlehem,** terug na Pretoria. Arriveer in Pretoria teen ongeveer **17:00 met aangename herinneringe aan die Oos Vrystaat en Lesotho!**

BAIE BELANGRIK: U BENODIG 'N PASPOORT VIR LESOTHO

OOS VRYSTAAT EN LESOTHO			16 – 21 NOVEMBER 2020	
Deposito	**Prys**	**Enkelbybetaling**	**Vertrek om**	**Opklimpunt**
R2000	R7995	R1480	06:00	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede	BANKBESONDERHEDE • Rekening naam: AMT • Bank naam: FNB Tjekrekening • Rekening nr: 626 168 615 07 • Takkode: 254 005			
Deposito	• Deposito van R2000 betaalbaar met bespreking. • Die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.			
Verwysingsnommer	• Gebruik asb die volgende verwysingsnommer: • OVS gevolg deur u van [bv OVS-Pienaar]			
Kontant inbetalings	• GEEN KONTANT INBETALINGS WORD AANVAAR NIE MAAK ASB GEBRUIK VAN EFT BETALINGS OF BANK OORPLASINGS • Epos bewys van betaling na info@minnaartoere.co.za of faks na 086 628 6146 met u naam en van, toernaam waarvoor betaling gedoen is.			

Paspoort	• U benodig ´n paspoort vir hierdie toer en dit moet nog geldig wees vir ses maande. 'n Visum is nie nodig nie.
Toerprys sluit in	• Vervoer in luukse bus met lugreeling, gordyne en toilet • Goeie akkommodasie • Twee etes daagliks – ontbyt & aandete • Alle toegangsgelde is ingesluit by prys
Toerprys sluit uit	• Uitgawes van persoonlike aard • Middagetes • R80 pp fooitjie vir gidse & bagasiehantering tydens die toer • R80 pp bydrae vir busbestuurder
Belangrik	• Alle roetes, toerpryse en datums van toere en uitstappies is onderhewig aan verandering sonder vooraf kennisgewing.

Hoop ons sien u op die bus!

Vriendelike groete

DIE EMT SPAN